# LAERSKOOL MIKRO

***… waar kind nog kind kan wees …***

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

Geagte Ouers

<u>GRAAD R:</u> <u>2023 / 2024</u>

BAIE DANKIE dat u LAERSKOOL MIKRO as skool vir u kind oorweeg. Die skool beskik oor 'n toegewyde personeelkorps en 'n uitstekende infrastruktuur wat tot groot voordeel van u kleuter aangewend kan word.

Graag verskaf ons die volgende inligting vir kennisname:

➔ Die skool se taal van onderrig, is Afrikaans.

➔ Die Gr. R-klasse is in die Grondslagfase vleuel geleë en beskik oor hul eie ingang.

➔ Die Gr. R-kleuters het hul eie speelterrein met die nodige opvoedkundige apparaat en sensoriese tuin.

➔ Kleuters ontvang weekliks motoriek klasse en besoek die inligtingsentrum waar hul rekenaaropleiding ontvang.

➔ Skooltye: 07:40 tot 12:30

➔ Skooldrag: Enige gemaklike klere (met 'n ekstra stel in die leerder se sak).

➔ Ontvang saam met die brief 'n volledige prospektus.

➔ Nasorgfasiliteite: Daar is verskeie nasorgdienste naby die skool beskikbaar. Raadpleeg die ingeslote pamflet of kontak die skool vir verdere besonderhede, veral ten opsigte van privaat persone wat slegs enkele kinders inneem.

Raadpleeg asseblief die meegaande inligtingstukke met betrekking tot u kleuter se aansoek om toelating.

Vriendelike groete

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**